

Die uitwys van die Afrikanisering van gemeenskap deur die NG Kerk se verbintenis tot die nuwe Afrikavisie in die VAM verslag van die AS Oktober 2000 1/7

### **Die opneem van die kerk binne 'n Afrika-visie.**

1. Die fokus van die verslag is om die kerk 'n nuwe rol te gee in en om die kerk betrokke te maak by landsake. Daardeur wil die verslag 'n bydrae lewer tot 'n goeie toekoms vir die Suid – Afrikaanse gemeenskap. Die betrokkenheid van die kerk by hierdie drie sake word gesien as deel van die kerk se Christelike pligte en oortuigings.
2. Deur hierdie aksie wil die kerk hoop skep t.o.v. die landsake. Hierdie aksie word voorgehou as 'n aksie waardeur lidmate ook weer voordele kan kry uit die gemeenskap wat as “Afrika” voorgehou word.
3. Hierdie Afrika-visie word gestel teenoor 'n Afrika-pessimisme uit 'n Westerse oogpunt.
4. Die Afrika-visie wat hierdie verslag voorhou word geregverdig deur die evangelie te herbewoord. Die Here se liefde en lyding is nie meer vir sy kerk en sy kinders nie: dit is liefde vir Afrika.
5. Al drie hierdie maatskaplik-politieke sake wat uitgelig word, word nou binne hierdie nuwe Afrika-visie voorgehou: “Dit beteken dat die NG Kerk sy rol in die konteks van Afrika suid van die Sahara moet verstaan.” (bl. 5)

### **Wanvoorstellings**

Die verslag word gekenmerk deur wanvoorstellings

1. Die rede vir werkloosheid in die huidige tydsbedeling word voorgehou as die “tegnologiesgedrewe inligtingsrewolusie” (bl. 5.)
2. Die aard van die armoede in Suid Afrika stem ooreen met die armoede in die res van Afrika.
3. Die kerk moet teenoor ontwikkelingsprojekte van die Weste en die rewolusie van die kommuniste 'n “eie” oplossing vir die armoede vraagstuk van Afrika en die land ontwikkel. (Bl. 5 en 6.)
4. Teenoor hierdie gewaande mislukking van Westerse ontwikkelingshulp moet die kerk nou binne die gemeenskap “selfstandige plaaslike ekonomiese aktiwiteite en ontwikkeling” van die grond af bring.
5. “Die onaanvegbare posisie van die vryemarkekeonomie, ook in Suid Afrika, bring te weeg dat waardes soos kompetisie, die doelgerigte nastrewe van eie belang,... onkrities deur baie kerklidmate uit alle bevolkingsgroepe oorgeneem word.” (bl.9)
6. “Reeds uit die voorafgaande het dit geblyk dat die morele krisis in ons samelewing onlosmaaklik saamhang met die grootskaalse armoede in ons samelewing en die konflik tussen die vorige regering en die bevrydingsbewegings...” (bl. 10)
7. Die kerk moet versoening bevorder deur armoede en ongeletterdheid te bestry.

Die uitwys van die Afrikanisering van gemeenskap deur die NG Kerk se verbintenis tot die nuwe Afrikavisie in die VAM verslag van die AS Oktober 2000 2/7

8. Die kerk moet versoening bevorder deur werkskepping te bevorder.

### **Uitgediende ideologiese slagspreuke.**

Die verslag roep die NG Kerk op met slagspreuke uit die tagtiger jare wat die vryheidsbeweging gebruik het.

1. “Dit is die kerk se oortuiging dat die God van liefde en geregtigheid besonder besorg is oor mense in nood en armoede en hulle saak behartig.” (bl. 6)
2. “die kerk word opgeroep om na buite as voorspraak, beskermmer en kampvegter op te tree vir die wat effektief geen stem of mag het nie.” (bl. 6)

### **Kerklike en Bybelse regverdiging vir politieke en maatskaplike sake van die dag.**

- 1 “Die normalisering van die samelewing”, “’n omvattende demokratiese bestel”, “die aanvaarding van ’n nuwe grondwet wat die basiese regte van elke persoon en gemeenskap waarborg” (bl. 15)
2. Die keuse vir ’n konflikvermydingsbeleid teenoor ’n versetbeleid.
3. Die regverdiging van die kerk binne ’n Afrika-visie.
4. Die armoede persepsie in die verslag hou God voor as sou Hy ten gunste van die armes wees. Wat die verslag nie meld nie is dat ekonomiese verval, armoede en wetteloosheid ook as ’n aktiewe wilsdaad van God in die Skrif verkondig word waar God mense juis weens hulle goddeloosheid, ongelooft en wetteloosheid buite enige hulp – reddeloos stel.

Deur te kies dat God aan die kant van die armes in ’n Suider Afrikaanse en self Suidelike Afrikaanse gemeenskap sou wees in sy ongelooft en bygelowe – is ’n eensydige blik op armoede wat juis die oorsake van ’n God-gewerkte armoede ontken.

Hierdie eensydigheid is ’n doelbewuste Bybelse regverdiging van ’n maatskaplike aksie en visie.

Om ná die Bybelse regverdiging van apartheid nou weer met ’n Bybelse regverdiging van ’n bepaalde maatskaplike – politieke toestand te begin is onverstaanbaar.

### **Geloofsafwykings:**

1. “Die Bybel onderstreep die belang van drie aspekte van moraliteit: goeie dade, goeie mense en ’n goeie samelewing.” (bl. 12)
2. “’n Goeie lewe voor God is ’n lewe in gehoorsaamheid aan al die gebooe van God.” (bl. 12)
3. Die voorhou van konflikhantering binne ’n ongelowige gemeenskap as ’n versoeningsproses. Hierdie wanpersepsie wil die ganse kerk weer verbind aan

Die uitwys van die Afrikanisering van gemeenskap deur die NG Kerk se verbintenis tot die nuwe Afrikavisie in die VAM verslag van die AS Oktober 2000 3/7

net nog 'n generatiewe teologie: die teologie van versoening wat die NG kerk nou self moet ontwerp in Afrika.

4. Die onderskeid tussen eintlik en nie-eintlike versoening (bl. 18) waarin die kerk en gemeenskap as skadu en ligkant van mekaar opgestel word. Hierdie is die rewolusionêre kerk- en gemeenskapsvisie uit die Anabaptisme.

### **Sosialistiese visie vir die kerk**

1. Die sosialistiese visie van die verslag is vasgelê in die uitgesproke en ongekwalifiseerde kritiek op dit wat die verslag self aanwys as “Westers”:

Die oorsake van die armoede in Suid Afrika is die tegnologies gedrewe inligtingsrewolusie, die heersende mag van globalisering, ongelykhede in die samelewing, die prosesse van modernisering en die waardes van die vrye mark.

2. Die voorhou van die Westerse ontwikkelingshulp as 'n mislukte poging.
3. Die voorhou van die kerk as 'n instansie wat as alternatief sosiale gebaseerde ekonomiese ontwikkelingsprojekte van die grond af kan bring.
4. Die voorhou van 'n visie van vrywillige gemeenskapsdiens deur lidmate van die NG Kerk.
5. Die algehele afwesigheid van enige aanwysing of kritiek op die huidige Afrika – sosialistiese aanslag in die gemeenskap as deel van die verarmingsproses.
6. Die algehele afwesigheid van die gryp-kultuur en swartbemaagtiging as deel van die armoede vraagstuk.
7. Die visie vir uitwissing van ekonomiese ongelykhede.

### **Uitgediende Afrikaner – nasionalistiese denke.**

Die hele visie dat die morele herstel van die land gebou moet word op die herstel van gesins- en skoolwaardes is 'n visie uit die hart van die ou Afrikaner – nasionalisme.

Hierdie visie is uit voeling met die staatskole waarin geen godsdiensoonderrig voorgestaan word en ook uit voeling met die kerk se houding teenoor CVO skole. Die NG Kerk het geen eie skole beleid of struktuur nie.

Dit is teenstrydig met die hele sosialistiese onderbou van die res van die verslag.

In die armoede vraagstuk moet lidmate aan sosialistiese werksprojekte deel neem, terwyl die ekonomie juis gesinne in gesinsekonomiese eenhede indwing, maar met die moraliteitsvraagstuk moet die lidmate weer op gesins- en skoolvlak gemobiliseer word – terwyl die morele krisis juis lê in die sosialistiese kragte wat in die gemeenskap uitwoed.

### **Versaking van lidmate binne 'n gediensigheid aan 'n Afrika-visie.**

Die uitwys van die Afrikanisering van gemeenskap deur die NG Kerk se verbintenis tot die nuwe Afrikavisie in die VAM verslag van die AS Oktober 2000 4/7

Ons moet onself afvra wat is die plek van die lidmate van die NG Kerk binne hierdie Afrika-visie met die fokuspunte van armoede, versoening en moraliteit.

1. Die persepsie van armoede in hierdie verslag maak dat die gemiddelde NG lidmaat nie deel is van die fokus van die armoede vraagstuk nie. Die armoede vraagstuk soos uitgespel in die verslag se eensydige persepsie van armoede – is 'n Afrika en dan met name – 'n swart vraagstuk.
2. Die armoede vraag binne die lidmate se lewe soos byv. verlies van besighede, studiegeleenthede, werkseleenthede deur bekwames en plase val nie binne hierdie persepsie van armoede nie.
3. Die verslag werk met 'n uitgediende persepsie van die lidmate se ekonomiese posisie. Die lidmate word gesien as ekonomies vermoënd in tyd, kapitaal en reserwes om vrywillige gemeenskapsdiens te lewer met die fokus op 'n armoede groep wat eie lidmate in hoofsaak uitsluit.
4. Die uitwys van die moraliteitsvraag as sou dit oor armoede gaan, regverdig die eintlike magte aan die werk: ateïsme en animisme.

Die ongeloof van die gemeenskap is daardeur deur die kerk geregverdig in sy verswyging van die werklike geloofsredes vir wetteloosheid en losbandigheid.

5. Indien die werklike kragte van wetteloosheid en losbandigheid deur die kerk as geloofsinstuut uitgewys word, word lidmate wat in Jesus Christus glo, versterk in hulle posisie binne hierdie ongelowige gemeenskap. Hulle vind hulle eie identiteit in Christus en kan hulle as mense wat juis nie wetteloos en losbandig is, of die oorsaak van die wetteloosheid en losbandigheid sou wees, in so gemeenskap handhaaf.
6. Indien armoede die rede vir wetteloosheid en losbandigheid is – moet lidmate nou in hulle “Westerse” en middelklasposisie hulle self as die oorsaak van die ongelowiges se wetteloosheid en losbandigheid sien en werk na gelykheid in inkomste en besittings deur vrywillige gemeenskapsdiens.
7. Om gelowiges te belas met die waanbeeld dat die wetteloosheid en bandeloosheid van 'n ongelowige gemeenskap herstel sal word as Christene hulle eie gesins- en skoollewe verbeter – is 'n posisie waar Christene hulle nie kan vernet teen die ongeloof in die gemeenskap nie, maar hulle eie lewe moet sien as die rede vir armoede, wetteloosheid, konflik en verval in die gemeenskap.
8. Die persepsie dat armoede die oorsaak van wetteloosheid, konflik en onsedelikheid is maak dat Christene nou saam met ongelowiges aan 'n algemene landsmoraal moet gaan werk sonder dat die ongeloof en bygeloof van die gemeenskap aan die orde gestel kan word. Dit ontnem die kerk die werklike roeping wat hy het om juis hierdie ongelowe en bygelowe aan die orde te stel.
9. Die naïewe sosialistiese visie oor armoede ontken die werklike ekonomiese bydraes wat die lidmate nog al die jare gemaak tot die ekonomie en ook nou mee besig is in die land vir 'n rol wat feitlik niemand sal aanvaar nie. Hiervoor sal hulle wat die

Die uitwys van die Afrikanisering van gemeenskap deur die NG Kerk se verbintenis tot die nuwe Afrikavisie in die VAM verslag van die AS Oktober 2000 5/7

ekonomiese hart van die gemeenskap is nou geklassifiseer word as mense wat nie hulle deel vir die armoede vraagstuk, soos binne hierdie nuwe sosialistiese visie gesien, doen nie. Die persone wat die ekonomie dra sal in hierdie aksies nou weer die sosiale beeld kry van die uitbuiters en ongelowiges: mense wat nie versoeningsgesind is nie.

10. Die verslag maak 'n geweldige verskuiwing: die kerk en sy lidmate is nie meer geroepe om hulle ongelowige en bygelowige naaste lief te hê soos hulle self nie, hulle word nou geroep om met hierdie gemeenskap versoening te bedryf.

Met hierdie verskuiwing is die grense tussen kerk en wêreld verlê.

Die kerk kan geen versoeningsaksie saam met ongelowiges óf deel óf bedryf nie. Daar is net een versoening en dit is waar lidmate van die kerk een is met die Here Jesus Christus. Hierdie versoening is ondeelbaar met ongelowiges. Hulle is en sal steeds uitgesluit wees van hierdie versoening. Hulle kan dit alleen deel indien Die evangelie aan hulle bedien word en hulle deel in die geloof in Jesus Christus.

Met hierdie verskuiwing moet lidmate nou dit wat hulle in Christus alleen besit en alleen met gelowiges deel – gaan deel en saamleef met ongelowiges in aksies soos om 'n bydrae te lewer tot die opheffing van armoede, die bestryding van ongeletterdheid en om werkskepping te bevorder.

Meer, dit moet in samewerking en konsultasie gedoen word met ander heidense ongelowe.

Van die versoening waarvan die kerk deel is: “Hier is dit nie van belang of iemand Griek of Jood is nie, besny of nie besny nie, andertalig, onbeskaaf, slaaf of vry nie. Hier is Christus alles en in almal.” (Kol 3:11) is hierdie kulturele versoeningsvisie totaal vervreemd.

Die kerk kan nie in die plek van die verkondiging van die evangelie – opheffing van armoede en ongeletterdheid as versoeningsaksies gaan bedryf nie.

11. Die versoening in hierdie verslag is kulturele versoening – binne die Suid-Afrikaanse konteks is dit versoening van etnisiteit en beskawingsvlakke: daarom die fokus op ongeletterdheid, armoede en Afrika.
12. Die persepsie dat lidmate deur aan hierdie kulturele versoeningsaksie 'n geleentheid gaan kry om die “eintlike versoening” by te voeg tot hierdie eerste versoening aksie – is misleidend.
13. Binne hierdie multikulturele en multigodsdienstige kultuurversoeningstaak sal lidmate hulle eie versoening met Christus tersyde moet stel. Die “eintlike” versoening as versoening met Christus, wat net lidmate van sy kerk insluit en alle ander godsdienste uitsluit, kan nie nadat jy Christus weerhou het ter wille van kulturele versoening later as die eintlike versoening aan hierdie kollegas aan die orde gestel word nie.
14. Hierdeur word lidmate in 'n posisie geplaas om aan 'n kulturele opheffingsvisie

Die uitwys van die Afrikanisering van gemeenskap deur die NG Kerk se verbintenis tot die nuwe Afrikavisie in die VAM verslag van die AS Oktober 2000 6/7

te gaan werk asof dit deel van hulle eenheid met die Here is, maar eintlik moet hulle dit ter wille van die eenheid in die kultuurvisie ter syde stel.

### **Opportunisme en oneerlik.**

Hierdie verslag het trekke van opportunisme en oneerlikheid.

In hierdie verslag word die NG kerk voorgelou as die stem, die pleitbesorger en beskermheer van die ongeletterde, arm en moraliteitloses in Afrika. Dit is opportunisties. Hierdie gemeenskap wat só voorgelou word, het klaar 'n stem, beskermheer en pleitbesorger.

Dit is die regering van die dag met name die ANC. Dit is die mense vir wie hulle 'n gewapende stryd gestry en met 'n politieke proses gewen het. Dit maak hulle die geloofwaardige en amptelike stem en beskermheer van hierdie groep.

Vir die NG Kerk om homself nou as die stem, beskermheer en pleitbesorger voor te hou vir hierdie gevisualiseerde groep is doodgewoon opportunisties en oneerlik.

Opportunisties omdat die NG Kerk nou 'n nuwe rol wil kry juis by die groep wat die ANC en ander vryheidsgroepe verteenwoordig sonder dat hy die belange van hierdie groepe verteenwoordig.

Oneerlik omdat sy eie lidmate nie hierdie groep verteenwoordig nie. Deur homself nou in 'n vreemde massa van kerke en kultuurgroepe te gaan verskuil – om 'n aandeel in hierdie gevisualiseerde groep te verkry – het die NG Kerk sy eie lidmate versak en aan 'n gediensigheid uitgelewer om iets te verteenwoordig wat die NG Kerk nie is nie.

Die NG Kerk mislei ook die groep waarvoor hy homself wil uitgee. Die NG Kerk kan nie die miljarde rande beskikbaar stel wat die amptelike beskermheer van hierdie groep vir hulle wil beskikbaar stel deur hulle pleitsorg by die Westerse lande nie. Die NG Kerk kan ook nie hierdie groep meer ekonomies bemagtig en bevoordeel as wat hulle amptelike pleitbesorger hulle bevoordeel deur wetgewing en bevoorregting nie.

'n Opportunistiese en oneerlike trek wat uiters gevaarlik is in hierdie visie – is die veronderstelling dat die swart arm gemeenskap deur die kerk weer tot 'n versetgroep omarm kan word teen die ryk nuwe swart elite. Om die nuwe swart elite by hulle eie gemeenskappe verdag te maak as materialisties en Westers getuig van 'n onkunde oor die werklike ekonomiese nood van Afrika – hulle het juis hierdie klas uiters nodig en hulle weet dit. Daarom het hulle ten spyte van die gewaande verdagmakery in hierdie verslag steeds die geloofwaardigheid van hulle eie mense.

Dat die kerke hulleself nou saam sien as die pleitbesorger van hierdie groep terwyl hulle juis deur die regering verteenwoordig word, wys op die basiese rewolusionêre visie in hierdie verslag.

Dit is nie toevallig dat hierdie verslag weer die opeleef van nog 'n generatiewe teologie in Suid Afrikaanse konteks bepleit nie. Daarmee word die N G Kerk nou meegeneem

Die uitwys van die Afrikanisering van gemeenskap deur die NG Kerk se verbintenis tot die nuwe Afrikavisie in die VAM verslag van die AS Oktober 2000 7/7

op die pad van die kerke in Suid- Amerika in hulle teologiese verinheemsing van die bevrydingsteologie. Ons moet nou die bevrydingsteologie verinheems as versoeningsteologie.

### **Ongeloofwaardig in eie kring.**

Die onderliggende opportuniste en oneerlikheid van hierdie verslag gaan maak dat die mense wat gesien word as die agente wat hierdie visie moet gaan uitvoer – die lidmate van die NG Kerk – sy eie leiers nie sal glo nie.

Daar is geen so 'n visie vir ons eie lidmate in hulle eie unieke “Westerse” verarming juis binne die kragte van sosialistiese visies en wette nie. Hoekom moet hulle vir wie geen visie gesien word hulle uitlewer aan 'n Afrikavisie?

Dit is oneerlik om die lidmate van die NG Kerk nou op te roep tot bevrydings-teologie, noudat hulle nie meer die regering verteenwoordig nie, maar die lidmate teen bevrydingsteologie opgeroep het toe hulle wel die regering verteenwoordig het.

Die kerk sal net naïewes en opportuniste op die weg kan neem met die visie wat in hierdie verslag gedroom word.

ds. PJ Kriel Oktober 2000